HOËRSKOOL
PAROW
HIGH SCHOOL

h/v Voortrekkerweg & Tonerstraat
cnr Voortrekker Rd & Toner Street
Privaatsak/Private Bag X01
Parow-Oos/East 7501
Tel: (021) 939-4145/939-4195
Fax: 086 299 3388

KENNISGEWING VAN BENOEMINGBEKRAGTIGINGSVERGADERING EN VERKIESING

Verkiesing van Ouers van Leerders tot die Beheerliggaam

(Regulasies 18, 19, 21 en 22 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021)

NAAM VAN SKOOL: HOëRSKOOL PAROW EMIS-NOMMER: 0101310274

Kennis geskied hiermee dat:

1. 'n ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, 'n ander ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, kan nomineer of die benoeming van enige ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, kan sekondeer deur die **benoeming teen nie later nie as 16 Maart 2021 by die skool te besorg. Nominasievorms is beskikbaar vanaf 09 Maart 2021 by die Algemene Kantoor. Maak asseblief 'n afspraak om die vorm te kom afhaal - 0219394145.**

2. Verskeie benoemingbekragtigingsvergaderings, wat deur ouerkandidate bygewoon mag word, kan gehou word op:

   (a) 17 Maart 2021 by Hoërskool Parow om 15:00

   (b) 24 Maart 2021 by Hoërskool Parow om 15:00 (indien nodig)

   (c) 01 April 2021 by Hoërskool Parow om 15:00 (indien nodig)

   Om die volgende sake af te handel:

   (i) alle benoemings te oorweeg;
   (ii) alle benoemings wat nie verkiesbaar is nie, te verwerp; en
   (iii) 'n lys van ouerkandidate op te stel wat as genomineerdes verkiesbaar is.

3. Die kieserslys van ouers, wat gegrond is op die skool se toelatingsregister, sal by die skool **ter insae lê vanaf 12 Maart 2021 tot 18 Maart 2021 van 07:00 tot 15:00** en 'n ouer het die reg om tot **18 Maart 2021 tot 15:00 'n geskil by die skoolprinsipaal aanhangig te maak.** Die **prinsipaal sal alle geskille** vóór die bekendmaking van die kieserslys teen **25 Maart 2021 oorweeg**. Geen name sal na 25 Maart 2021 bygevoeg word nie.

4. Enige persoon kan 'n **beswaar teen enige benoeming skriftelik** by die skoolkiesbeampte, mev S Gallie, **aanteken teen 16:00 op 29 Maart 2021**.

5. **Verkiesings sal gehou word op 30 Maart 2021**, by Hoërskool Parow en die stemlokale sal om **07:00 open en om 19:00 sluit**. ***Hierdie verkiesing sal gehou word as daar meer kandidate as die getal lede wat verkies moet word, egter genomineer word.***

6. **Opvolgverkiesings** kan gehou word **op 06 April 2021**, by Hoërskool Parow en die stemlokale sal om **07:00 open en om 19:00 sluit**. ***Hierdie opvolgverkiesing sal gehou word as daar meer kandidate as die getal lede wat verkies moet word, egter genomineer word en 'n kworum nie ten tyde van die vorige verkiesing behaal is nie.***

7. **Tel van stembriewe**, nadat 'n kworum behaal is, sal gehou word op **30 Maart 2021**, by Hoërskool Parow, kort nadat stemming by die verkiesing gesluit het en genomineerdes kan hierdie sessie bywoon.

8. **Tel van stembriewe** sal gehou word op **06 April 2021**, by Hoërskool Parow, kort nadat stemming by die **opvolgverkiesing** gesluit het en genomineerdes kan hierdie sessie bywoon.

9. U word hiermee daaraan herinner om—

   (a) 'n vorm van identifikasie saam te bring om u toe te laat om te stem. Die vorm van identifikasie moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument of 'n tydelike identiteitsdokument uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake, of 'n permit in die geval van 'n buitelander uitgereik ingevolge die "Immigration Act, 2002" (Wet 13 van 2002) wees; en

   (b) ag te slaan op die volgende faktore wanneer ouerkandidate genomineer en verkies word:

   (i) die beginsel van billikheid;
   (ii) die behoefte om werk te maak van die onregte van die verlede; en
   (iii) die behoefte aan verteenwoordiging.

10. As die getal genomineerde kandidate gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, sal kandidate geag word as verkose lede van die beheerliggaam.

11. As die getal ouerkandidate wat genomineer word, minder is as die getal lede wat verkies moet word, sal die skoolkiesbeampte versoek dat addisionele ouerkandiddate genomineer word.

3/2/2021
DATUM

HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE
MEV. SHEREEN GALLIE
ADRES: SETTLERS STRAAT, BELLVILLE, 7530